# SONOP NUUSBRIEF

**Ons deel ons sonstrale met almal.**

25 Maart 2022

Beste Ouer(s) en Voog(de)

Die eerste kwartaal het in ‘n oogwink verbygesnel! Ons deel graag met u van die gebeure gedurende die afgelope kwartaal.

Alhoewel al ons leerders terug in die klasse is, was ons graad 6- leerders gedurende die kwartaal steeds in die klubhuis en ons graad 7- leerders in die saal. Die gr. 6-leerders skuif vanaf volgende kwartaal terug na hul oorspronklike klaskamers. Die klubhuis sal dan weer beskikbaar wees vir funksies. Die graad 7-leerders sal egter steeds in die saal tot aan die einde van die derde kwartaal onderrig word.

Ons spreek ons dank uit aan mnr. Bellingan wat gedurende die Desember skoolvakansie vir ons enkelbanke gemaak het om dit moontlik te maak om alle leerders terug by die skool te kon ontvang. ‘n Groot dank ook aan mnr. Gerhard Kemp vir die skenking van die materiaal om hierdie taak te kon voltooi.

## SONOP GROET MEV. ANNALENE DE KONING






Na 31 jaar as 'n graad 2-opvoeder by Laerskool Sonop het mev. De Koning gister aan haar geliefde skool totsiens gesê. Sy het ook aan die begin van haar onderwysloopbaan in Kaapstad en later by Frans Conradie op Despatch skool gehou. Mev. De Koning het meer as 40 jaar van haar lewe aan die onderwys gewy. Sy het reeds verlede jaar met pensioen afgetree, maar het aangebied om vir 'n verdere jaar in 'n Beheerliggaamspos by die skool aan te bly.
Sy was 'n opvoeder wat haar liefde vir Sonop en sy mense sigbaar gemaak het in haar werk! Of dit nou langs 'n mini-tennisbaan was, by die lekkergoedtafel van ons basaar, voor 'n junior koor, voor 'n gr. 2-klassie of die reël van bykans ontelbare skoolfunksies, het sy net nooit enige detail gemis nie! Sy was 'n inspirasie vir elke leerder en kollega. Dit was daagliks 'n voorreg om saam met haar te kon werk. Laerskool Sonop het 'n juweel van 'n opvoeder verloor, maar haar onberispelike karakter, omgee-hart en liefde vir haar kollegas en leerders sal van ons mooiste herinneringe aan haar wees. Ons sal haar sagte stem en warm hart vir ewig koester. Ons gun haar nou 'n geseënde aftrede, gevul met goeie gesondheid, vrede en geluk.

## SPORTNUUS:

Ons sport het hervat op Maandag 31 Januarie 2022. Alhoewel dit wil voorkom asof die infeksiegetalle afgeneem het, is sport steeds onder die nodige veiligheidsregulasies beoefen.

## ATLETIEK

### Kleurebyeenkoms

Ons jaarlikse kleurebyeenkoms het op 27 en 28 Januarie plaasgevind. Tydens hierdie byeenkoms het ons atlete baie goed gevaar. **57 Atlete** het gekwalifiseer om aan die Sonebyeenkoms deel te neem. Baie geluk aan **Tiaan Vosloo wat 4 rekords** tydens die byeenkoms verbeter het.





*Tiaan Vosloo verbeter 12 rekords in een seisoen!*

**Sonebyeenkoms: 3 Februarie 2022**

Baie geluk aan Tiaan Vosloo wat 3 rekords verbeter het, asook Mieke van Tonder wat 1 rekord verbeter het.

**Die volgende atlete is ook aangewys as die beste baan- en veldatlete:**
Deoné Brits – Beste baanatleet o/10 70m hekkies
Ashton Combrink – Beste veldatleet o/10 gewigstoot
Tiaan Vosloo – Beste baanatleet o/12 75m hekkies
Mieke van Tonder – Beste baanatleet o/13 75m hekkies

Tydens die byeenkoms het **29 atlete** gekwalifiseer om aan die die distrikbyeenkoms deel te neem.

**Distrikbyeenkoms: 12 Februarie 2022**

Ons atlete het weereens baie goed presteer tydens hierdie byeenkoms. Ons spog met 19 atlete wat aan die Metrobyeenkoms gaan deelneem het.

Tiaan Vosloo verbeter twee rekords tydens hierdie byeenkoms.

**Metro: 18 Februarie 2022**

Tydens hierdie byeenkoms het ons atlete weereens skitterend presteer. Die Metrospan is ongelukkig van 140 na 80 atlete verminder, met die gevolg dat slegs 1ste plekke gekies kon word. Ons het steeds **6 atlete** wat gekies was om aan die Oos-Kaap Kampioenskappe deel te neem.

Baie geluk aan Tiaan Vosloo en Mieke van Tonder wat elkeen 'n rekord verbeter het.

**Oos-Kaap Kampioenskappe 11 en 12 Maart 2022**

Die afgelope naweek het 6 atlete deelgeneem, die uitslag was as volg: **4 goue** medaljes en **4 brons** medaljes.**Tiaan Vosloo en Mieke van Tonder verbeter elk 2 rekords.**

Tiaan en Mieke gaan ons skool verteenwoordig by die SA Kampioenskappe in Potchefstoom 25 en 26 Maart. Ons wens hulle alle sterkte toe.






**SA Skole** Tiaan Vosloo (o.12 – 75m en 150m Hekkies) en Mieke van Tonder (o.13 - 80m en 200m Hekkies) verteenwoordig Laerskool Sonop hierdie naweek by die SA Skole Kampioenskappe in Potchefstroom. **NUUS!!!!!!** Tiaan Vosloo verower 'n silwer medalje in die 75m Hekkies!!!!!!!! 'n Ongelooflike prestasie waarop ons só trots is!!!






## TENNIS:

Ons A- en B-span het hierdie kwartaal aan 6 wedstryde deelgeneem. Ons het 5 van die wedstryde verloor en 1 gelykop gespeel. Ons is egter positief dat dit van hier af net beter sal gaan.
Tydens die tweede kwartaal sal die skool ook 'n tenniskliniek vir alle belangstellendes aanbied.

Keagan Grobbelaar, 'n graad 7- leerder, is weer gekies vir die o/13-Oos- Kaap tennisspan en is tans in Bloemfontein. Hy neem ook vanaf 30 Maart tot 4 April aan die Junior Nasionale toernooi wat ook in Bloemfontein plaasvind, deel. Ons wens Keagan alle voorspoed toe.

## KRIEKET:

Ons o/13 krieket manne, onder leiding van mnr. Visser, het 2 wedstryde gespeel en beide wedstryde gewen. Ons o/11's het 4 wedstryde gespeel waarvan hulle 1 gewen en 3 verloor het.
Zachary Coetzer kon daarin slaag om in een wedstryd 6 paaltjies te neem, terwyl André Alberts 'n driekuns behaal het. Hulle is toevallig albei ook twee kranige bofbalspelers.

## RUGBY:

Die o/13- rugbyseuns het aan die Hoërskool Despatch sportfees deelgeneem en teen Laerskool Rowallan Park gespeel. Die uitslag was gelykop. (0-0).
Die seuns het Donderdag, 24 Maart, na Marlow vertrek waar hulle aan 'n Rugbyweek sal deelneem. Ons wens hulle alle voorspoed en 'n genotvolle paar dae toe.
Ons is dankbaar teenoor ons borge wat hierdie toer 'n moontlikheid gemaak het. Die klere-oorhandigings was 'n spogaand.








## BOFBAL:

Baie geluk aan Zachary Coetzer en André Alberts wat gekies is vir die O.P. bofbalspan wat tydens die Maartvakansie  na Kaapstad toer. Ons wens hulle alle sterkte toe.



Zachary Coetzer



André Alberts

## BALLET

Baie geluk aan Camilla Prinsloo wat uitstekend gevaar het in ballet. Sy het goud verwerf in haar virtuele byeenkoms waar 24 ander lande ook deelgeneem het. Ons is baie trots op jou Camilla.



Baie geluk aan Jana Kleyn wat Goud verwerf het vir haar RAD (Royal Academy of Dance) Eksamen.



Camilla (links) en Jana (regs)

## MODELWERK:

Baie geluk aan Jano Alberts van Sophisticated Models wat  gekies is om aan ‘n Nasionala Advertensieveldtog vir Jumbo Clothing deel te neem.  Hy  sal in ‘n Winterkatalogus verskyn.  Jano is ook ‘n finalis in die Mnr. en mej. Oos-Kaap skole 2022, ons wens hom alle sterkte toe vir die geleentheid.



**VALENTYNSDAG:**

‘n Voorportaal versier met skakerings van rooi en pienk ballonne. Leerders geklee in pragtige Valentyns-uitrustings. Wat ‘n spesiale dag om opnuut herinner te word om lief te hê sonder grense!!!!!



















**Ons sluit die eerste kwartaal met ‘n “Breek-‘n-reël-dag af!**





**GRONDSLAGFASE NUUS:**

## TWO'S (2'S) DAY










## WÊRELDDAG VIR HARDOP LEES















*Ons Grondslagfase was deel van Wêrelddag vir Hardop Lees. Die leerders het dit vreeslik geniet. "Hoe meer jy lees, hoe meer kennis het jy. Hoe meer jy leer, hoe meer plekke besoek jy." -Dr Suess*

## VIRTUELE REALITEITSDAG:

Ons graad RR, R en LSEN GF het die voorreg gehad om 'n VR dag by ons skool te kon bywoon wat deur VR Education Unlimited aangebied was. Die maatskappy is van Mpumalanga afkomstig.

Die leerlinge het kopskerms gedra wat 'n akwarium toneel laat beleef het. Die leerders kon hulle koppe draai ('n volle 360°) en kon die seelewe beleef het. Baie maats het vir die eerste keer 'n dolfyn gesien. Dit voel of jy aan hom kan raak.

Baie dankie vir mev. Frier wat hierdie geleentheid vir ons leerders gereël het. Ons hoop om die geleenteheid vir die res van die skool ook aan te bied later in die jaar.




## COVID-19 INENTINGS:

Die Departement van Gesondheid het ons skool kom besoek gedurende Februarie. Kinders bo die ouderdom van 12 jaar het die geleentheid gekry om die inenting by ons skool te ontvang.




## ANTI – BOELIEDAG:

Op Vrydag, 18 Maart, het ons 'n boeliebewusmakingsdag gehou. Tydens die dag het ons met leerders gepraat oor afknouery, naamnoemery en fisiese geweld. Die leerders het tuis plakkate gemaak wat hulle in 'n optog deur die skool se gange gebruik het, terwyl hulle anti-boelie slagspreuke kon skree. Hierdie dag is gehou met die oog op Menseregtedag van 21 Maart en het beslis in die doel geslaag.







**2022-03-25**